

11 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 95:1-11

Fokusgedeelte: Psalm 95:1

'n Lewe wat God eer en prys

Die psalmdigter se hart is bly. Hy sing! Hy jubel oor die Here! Hy sing oor Here (vs 1), hy sing voor die Here (vs 2, 6). Die Here is sy rede om te sing. Hy, die almagtige Skepper-Koning-Herder is die God wat sy volk red (vs 1) en versorg (vs 7). Daarom sing hy en roep hy ander om te sing, om die Here te loof!

Gelowiges het rede om te sing. Die Here het ons gered. Jesus Christus is die Rots van ons heil (Matt 16:16-19). Hy is die Goeie Herder (Joh 10) wat sy skape red en veilig in sy hand bewaar (Joh 10:27-28), die Koning van die konings (1 Tim 6:15).

Elkeen wat die Skepper-Koning in Jesus Christus ken en as ons God en Herder bely, sal waarlik sing om die Here te loof. Dié lofprysing sal gehoor word en sal almal roep om saam te sing. Dié lofprysing sal gesien word in 'n "neerbuig-lewe" (vs 6). 'n Lewe in kleinheid voor die Here, in sy teenwoordigheid, is 'n lewe wat Hom eer en prys. Dié lofprysing stem uit 'n hart wat gewillig en bly die Skepper-Koning-God gehoorsaam dien, 'n hart wat gewillig en bly die leiding van die Herder-Koning volg (vs 7-11).

Ongehoorsaamheid en ongeloof draai ons lewe weg van die Here af en laat die lofprysing stil word. Daar word vandag baie gepraat oor konings en regeerders. Mag ons gesprekke ander oproep om ons Skepper-Koning te prys.

Sing: Psalm 95:1 en 4 (1936)

Ds FM Dreyer (Noordrand)